

Die toets van geloof (1:1-18)	Geloof sonder werke is dood (1:19-2:26)	Die lewe van 'n gelowige wat doen (3:1-5:12)	Die gebed van 'n gelowige (5:13-5:20)
--	--	---	--

Jakobus, die broer van Jesus. Hy skrif sy brief in die middel 40's nC vir Joodse gelowiges

Dag	Lees
Ma	Jak 1:1-18
Di	Jak 1:19-27
Wo	Jak 2:1-13
Do	Jak 2:14-26
Vry	Jak 3
Sat	Jak 4
Son	Jak 5

So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood. (Jak 2:17).

Jakobus begin sy brief met woorde wat mens amper nie kan glo nie: "My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom." (Jak 1:2) Dan sien ons egter die rede: beproewings is om die mens in staat te stel om in die geloof te volhard en tot volle geestelike rypheid te kom (Jak 1:3,4). Die belonging om die toets te deurstaan is groot (Jak 1:12). Versoekings kom nie van God af nie (Jak 1:3). Nee, die stappe van sonde is: *Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.* (Jak 1:14,15).

Jakobus lê baie klem daarop dat 'n lewende geloof vrugte dra. "Glo" en "doen" gaan saam (2:14-26). Dié gedeelte in Jakobus, kan met die eerste lees lyk asof dit reg in kontras staan met Romeine wat beklemtoon ons word net deur geloof gered. Volgens Romeine het God geweet dat Abraham se geloof eg is omdat Hy sy gedagtes geken het terwyl in Jakobus die mense eers die egtheid van Abraham se geloof besef het toe sy goeie dade dit bewys het. Paulus bind hierdie twee geloofsbeginsels saam: geloof moet tot goeie dade oorgaan: *"In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan."* (Gal 5:6)

Hoofstukke 3 tot 5 gee die toepassing van die beginsels op 'n baie praktiese manier. Hoofstuk 3 beklemtoon dat die tong moet beheers word. Die wêreldse se begeertes en rykdom belemmer die geloofsgroei (4:1-6). Rykdom kan lei tot eie trots en selfsug (5:1-6). Nederigheid voor die Here is die antwoord vir die Christen – dit sal ook sy gesindheid teenoor ander verander (4:7-12). Wenke van Jakobus in jou tye van swaarkry – lees Bybel (Jak 1:23) , doen wat daar staan en bid (Jak 5:13)...*die gebed van die gelowige het 'n kragtige uitwerking* (Jak 5:17).

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

Jou doen wys jy is versoen

Hier volg voorbeelde van doen
wat sal wys jy is met God versoen:

Moenie volgens die uiterlike keur:
As 'n man met deftige klere arriveer
en 'n arm man kom met ou klere aan,
hoe besluit jy waar jy gaan staan? (Jak 2:1-3)

As 'n broer of suster honger ly,
maar jy gee nie wat hulle moet kry
en wens dat dit met hul goed gaan,
wat op aarde help dit dan? (Jak 2:15,16)

Die tong is soos die roer in die stuurman se hand,
Ja, 'n klein vuurtjie wat die bos laat brand!
Die mens kan die tonge nie tem,
lof en vloek kom van dieselfde stem... (Jak 2:3-11)

Die rusies kom van wat jy selfsugtig begeer.
As jy dit nie kry, sal tot moord nie keer...
Selfs jou gebede is op jou begeertes gerig -
so draai jy op God jou rug! (Jak 4:1-4)

Moenie jou broer veroordeel
Ja, jy wat regter-regter speel.
Moenie van mekaar kwaad praat -
dis wat die ware Regter haat. (Jak 4:10-12)

Rykaart wat die werker se loon terughou,
ja, jy wat na hartelus smul en partytjie hou:
Op aarde lewe jy in weelde en oordaad -
Ek sal met mot en roes niks vir jou agterlaat. (Jak 4:1-6)
'n Gelowige wat arm is moet hom verheug,
as God om aansien vir sy deug (Jak 1:9)

'n Laaste wenk wat jy nie moet vergeet,
gaan oor die aflê van 'n eed:
As julle "ja" sê, moet dit "ja" bly
en jou "nee": bly staan daarby! (Jak 5:12)

Geduldig bly die boer op sy oes wag,
so moet jy ook doen tot op die dag
wat die Here sy oes kom haal.
Tot dan vertel jou dade Sy verhaal. (Jak 5:7)

As jy swaarkry moet jy gebede bring.
As jy opgeruimd is, moet jy lofliedere sing. (Jak 5:14)
As iemand anders met 'n siekte ly,
bid vir hom en gee salfolie by. (Jak 5:15).

Bely julle sondes teenoor mekaar -
die gelowige gebed werk kragtig daar. (Jak 5:17)
Elia het ernstig gebid vir die land se reën
en God het die aarde met 'n oes geseën. (Jak 5:18)

So wat jy hierin moet verstaan:
Geloof moet in liefde tot dade gaan! (Gal 5:6).
Kon mens in vandag se doen
sien jý is met God versoen?